

14 September Handeling 16:16-24; (Teks: 16:17)

Wanneer die duiwel die waarheid praat is hy op sy gevaarlikste! By die lees van hierdie gedeelte kan 'n mens nie anders nie as om te vra: Hoekom het Paulus hierdie vrou met die waarsêende gees stil gemaak, die gees uit die vrou uitgedryf? Sy het immers die waarheid gepraat, nie waar nie? *Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing.* Waarom het so 'n mooi boodskap dan vir Paulus-hulle so gehinder? En as hierdie bese gees dan die waarheid praat wat is sy beweegrede? Die antwoord kan net een van twee wees. Die vader van die leuen het ewe skielik die waarheid begin liefkry (en dis onmoontlik) of hy gebruik die waarheid met leuenagtige motiewe. Stel jou die situasie voor. Jy leef in daardie tyd en jy het nou pas gehoor van die verlossing in en deur Jesus Christus maar dit is nog vir jou vaag en onduidelik en jy sou meer wou weet van hierdie verlossing. En dan op 'n dag kom die verkondigers van hierdie verlossing daar verbygestap met 'n waarsêer kort op hulle hakke. En as jy die spulletjie so staan en dophou kan jy net tot een gevolgtrekking kom en dit is dat hulle saamwerk, want sy adverteer hulle dan. Sy kraak hulle nie in die minste af nie en as jy een en een bymekaar tel is die logiese gevolgtrekking: Hierdie vrou en Paulus-hulle is kop in een mus.

Maar dit was nie net in daardie tyd die geval nie. Nee, ook vandag is dit een van die duiwel se grootste metodes - om die grenslyn tussen kerk en wêreld sodanig te vervaag dat die wat op die kantlyn sit wonder of die kerk en die wêreld nie maar tog kop in een mus is nie. In die week drink gelowiges maar net soos die wêreld; hulle vloek en skel net soos die wêreld - wat is dan die verskil?

Giet dus jou Godsdiens nie uit in 'n wêreldse vorm nie. Dien God dus nie in dieselfde vorm as wat die wêreld hulle dinge doen nie.

Ds. H.J.M. du Plessis (Krokodilrivier)